

Titel: Versterk Jousef
Pastoor: Phillip Boshoff
Datum: 3 Mei 2009
Tyd: 09:00



Die terugslag

1 Samuel 30:1-5

¹En toe Dawid met sy manne die derde dag by Siklag aankom, het die Amalekiete 'n inval gedoen in die Suidland en in Siklag, en hulle het Siklag verslaan en dit met vuur verbrand. ²En hulle het die vroue en almal wat daarin was, gevange weggevoer, van die kleinste af tot die grootste toe; hulle het niemand gedood nie, maar hulle weggevoer en verder gegaan. ³Toe Dawid met sy manne die stad inkom, lê dit daar met vuur verbrand, en hulle vroue en hulle seuns en hulle dogters was as gevangenes weggevoer. ⁴Daarop het Dawid en die manskappe wat by hom was, hulle stem verhef en geween totdat daar geen krag meer in hulle was om te ween nie. ⁵Ook Dawid se twee vroue, Ahínoam uit Jísreël, en Abígail, die vrou van Nabal, die Karmeliet, was as gevangenes weggevoer.

Versterk in die Here

1 Samuel 30:6

⁶En Dawid het dit baie benoud gehad, want die manskappe het gepraat om hom te stenig; want die siel van al die manskappe was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters; maar Dawid het homself versterk in die HERE sy God.

1. Salf jousef

2 Samuel 12:19

¹⁹Maar toe Dawid sien dat sy dienaars onder mekaar fluister, het Dawid gemerk dat die kind dood was. En Dawid sê aan sy dienaars: Is die kind dood? En hulle antwoord: Hy is dood. ²⁰Toe het Dawid van die grond opgestaan en hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek en in die huis van die HERE gegaan en aanbid. Daarop het hy in sy huis gekom en gevra dat hulle brood aan hom moet voorsit; en hy het geëet.

2. Leer om te lofsing

Efesiërs 5:19-20

¹⁹Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, ²⁰terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus...

Kolossense 3:15-17

¹⁵En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar. ¹⁶Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. ¹⁷En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Handelinge 16:25-26

²⁵En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. ²⁶En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.

3. Ken sy weë

Psalm 34:19 (OV)

Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom.

Psalm 34:19 (NV)

Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.

Romeine 8:28

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

4. Hou goeie moed

Johannes 16:33

³³Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

5. 'n regte oog

Matteus 6:22-23

²²Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. ²³Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!